97.(1) Every dry-cleaning room shall be ventilated with a mechanical system of exhaust and inlet ventilation of such design, construction and capacity as will

dat dit die dampe van die ontvlambare vloeistof doeltreffend uit sodanige lokaal kan verwyder en dié dampe in die buitelug laat ontsnap op 'n plek bokant die dak van sodanige lokaal wat minstens 4,50 m van enige opening van 'n gebou af geleë is.

adequately remove inflammable liquid vapour from such room and discharge such vapour into the open air at a point above the roof of such room and not within 4,50 m of any opening to any building.

(2) So 'n ventilasiestelsel moet die lug in die droogskoonmaaklokaal minstens 30 (dertig) keer elke uur laat wissel.

(2) Such system of ventilation shall cause the air in the dry-cleaning room to be changed at least thirty times in every hour.

(3) Die wieke van alle ventilasie-waaiers moet van nie-ysterhoudende metaal vervaardig wees.

(3) The blades of all ventilating fans shall be made of non-ferrous metal.

(4) Alle ventilasie-uitlaatpype moet -

(4) All exhaust ventilation ducts shall be installed -

(a) so naby die grondhoogte as doenlik geïnstalleer wees: Met dien verstande dat, waar sodanige pyp of enige gedeelte daarvan minder as 150 mm bokant die vlak van die droogskoonmaaklokaal se vloer geleë is, daar doeltreffende voorsorg getref moet wees om te voorkom dat ontvlambare vloeistof in die geval van brand of andersins daardeur ontsnap;

(a) as near ground level as practicable: Provided that where any such duct or any portion thereof is situated at a level which is less than 150 mm above the level of the dry-cleaning room floor adequate provision shall be made to prevent the escape of inflammable liquid therefrom in the case of fire or otherwise;

(b) so na as doenlik aan die plekke geïnstalleer wees waar ontvlambare vloeistofdampe in die droogskoonmaakmasjinerie, soos wasmasjiene, hidro's, suiweringstoestelle, distilleerketels, neerslag tenks en dergelike toestelle ontstaan.

(b) as near as practicable to the points of origin of inflammable liquid vapour of the dry-cleaning machinery such as washing machines, hydros, clarifiers, stills, settling tanks and such like.

(5) Enigeen wat 'n brand in 'n droogskoonmaaklokaal ontdek, moet onmiddellik alle moontlike stappe doen om die ventilasieuitlaatstelsel af te sluit.

(5) Any person discovering a fire in any dry-cleaning room shall immediately take all possible steps to shut down the exhaust ventilating system.

SPESIALE BEPALINGS IN GEVALLE WAAR ONTVLAMBARE VLOEISTOF,

SPECIAL PROVISIONS WHERE CLASS C INFLAMMABLE LIQUID IS USED FOR

KLAS C, VIR DROOGSKOON-MAAKDOELEINDES GEBRUIK WORD

Bou van droogskoonmaaklokaal

98. Elke droogskoonmaaklokaal moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou en onderhou word:-

(a) Die mure moet van baksteen of beton of ander soortgelyke geskikte materiaal gebou wees, en die vloer moet van beton of ander syferdigte materiaal en die dak van vuurvaste materiaal vervaardig wees.

(b) 'n Drumpel van beton minstens 150 mm hoog, moet op die grondvlak in al die deuropeninge aangebring wees, of die vloer van die vertrek moet 150 mm laer as die aangrensende grondvlak wees.

(c) Daar moet minstens 2 (twee) deur wees wat na buite oopgaan en waarvan een regstreeks in die buitelug moet oopgaan. Sodanige deure moet aldus geleë wees, en so ver van mekaar af dat persone in die droogskoonmaaklokaal in die geval van brand of ander gevaar, vry en onbelemmerd deur enigeen van die deure kan ontsnap.

(d) Geen droogskoonmaaklokaal mag onder of bokant 'n ander vertrek of gebou geleë wees nie: Met dien verstande dat 'n vertrek of gebou bokant 'n droogskoonmaaklokaal, opgerig kan word, indien sodanige vertrek of gebou nie as 'n bewoonbare vertrek of gebou gebruik word nie, en daar tot voldoening van die brandweerhoof van die Raad se brandweerafdeling doeltreffende ontsnappingsmaat-reëls getref is.

DRY-CLEANING

Construction of Dry-cleaning Room

98. Every dry-cleaning room shall be constructed and maintained in accordance with the following requirements:-

(a) The walls shall be constructed of brick or concrete or other similar suitable material and the floor of concrete or other impervious material and the roof of fire-resisting material.

(b) A sill of concrete at least 150 mm in height shall be erected across all door openings at surface level or the floor of the room shall be 6 (six) inches below the adjacent surface level.

(c) There shall be provided at least two doors opening outward, one of which shall lead directly into the open air. Such doors shall be so situated and at such a distance from each other as to allow free and unimpeded escape of persons in the dry-cleaning room through either door in the case of fire or other danger.

(d) No dry-cleaning room shall be situated below or above any other room or building: Provided that a room or building may be constructed above a dry-cleaning room, if such room or building is not used as a habitable room and is provided with adequate means of escape to the satisfaction of the chief officer of the council's fire brigade.

Ventilasie van droogskoonmaaklokaal

99.(1) Elke droogskoonmaaklokaal moet geventileer word deur middel van 'n ventilasiestelsel van sodanige ontwerp, konstruksie en kapasiteit dat dit doeltreffend sal voorkom dat ontvlambare vloeistofdampe in enige gedeelte van so 'n lokaal sal vergaar en dit moet sodanige dampe in die buitelug laat ontsnap op 'n punt of punte waar sodanige dampe nie moontlik in aanraking met 'n vuur, 'n vlam, 'n oop lig of 'n ander middel wat sodanige dampe moontlik aan die brand kan laat slaan, sal kom nie: Met dien verstande dat waar sodanige ventilasie om watter rede ook al slegs deur middel van 'n meganiese ventilasiestelsel bewerkstellig kan word, sodanige meganiese stelsel aan die bepalings van artikel 97 voldoen.

(2) Toepaslikheid van sekere artikels:-

(a) Die bepalings van artikel 98 en subartikel (1) van artikel 99 is slegs van toepasing op droogskoon-maaklokale waar ontvlambare vloeistowwe, klas C, gebruik word.

(b) Die bepalings van artikel 95, 96 en 97 is slegs van toepassing op droogskoonmaaklokale waar ontvlambare vloeistowwe, klas A en klas B vir droogskoonmaakdoel-eindes gebruik word.

SPUITLOKALE

Registrasie van spuitlokale

100.(1) Niemand mag 'n voertuig of artikel met ontvlambare vloeistof in 'n spuitlokaal bespuit, laat bespuit of toelaat dat dit bespuit word nie, tensy sodanige persoon in besit van 'n spuitlokaalpermit ten opsigte van sodanige lokaal is.

Ventilation of Dry-cleaning Room

99.(1) Every dry-cleaning room shall be ventilated by a system of ventilation of such design, construction and capacity as will adequately prevent the accumulation of inflammable liquid vapours within any portion of such room and discharge such vapour into the open air at a point or points where such vapour is not likely to come into contact with any fire, flame, open light or other agency likely to ignite such vapour: Provided that where for any reason such ventilation can only be secured by means of a mechanical system of ventilation such mechanical system shall conform to any comply with the provisions of section 97.

(2) Applicability of certain sections:-

(a) The provisions of section 98 and sub-section (1) of section 99 shall apply to dry-cleaning rooms only where Class C inflammable liquid is used.

(b) The provisions of section 95, 96 and 97 shall apply to dry-cleaning rooms only where Classes A and B inflammable liquid vapours are used for dry cleaning.

SPRAYING ROOMS

Registration of Spraying Rooms

100.(1) No person shall spray or cause or permit to be sprayed any vehicle or article with any inflammable liquid in any spraying room unless such person is in possession of a spraying-room permit in respect of such room.

(2) Die bepalings van artikels 3 tot en met 11 en artikel 14 is mutatis mutandis van toepassing op 'n permit ingevolge hierdie artikel.

(2) The provisions of sections 3 to 11 (inclusive) and section 14 shall mutatis mutandis apply to a permit under this section.

Uitreiking van spuitlokaalpermit

Issue of Spraying-room Permit

101. Geen spuitlokaalpermit word ten opsigte van 'n spuitlokaal uitgereik nie, tensy en alvorens sodanige lokaal aan die vereistes van hierdie verordeninge voldoen.

101. No spraying-room permit shall be granted in respect of any spraying room unless and until such room complies with the requirements of these by-laws.

Bou van spuitlokaalpermit

Construction of Spraying-room

102.(1) Elke spuitlokaal moet ooreenkomstig die volgende vereistes gebou word:-

102.(1) Every spraying room shall be constructed in accordance with the following requirements:-

(a) Daar moet slegs vuurvaste materiaal gebruik word om dit te bou.

(a) Non-inflammable materials only shall be used in the construction thereof.

(b) Daar moet 'n uitlaatventilasiestelsel geïnstalleer wees wat in staat is om die dampe doeltreffend daaruit te verwyder en wat die lug in die spuitlokaal minstens 30 (dertig) keer elke uur laat wissel.

(b) There shall be installed an exhaust method of ventilation such as will adequately remove vapours from and be capable of changing the air in the spraying room at least 30 (thirty) times in every hour.

(c) Indien 'n spuitlokaal in spuithokkies afgeskort is, soos in subartikel (d) hiervan omskrywe, moet elke sodanige hokkie ooreenkomstig die bepalings van subartikel (b) hiervan geventileer word.

(c) Where a spraying-room is sub-divided into spraying booths as described in sub-section (d) hereof, each such booth shall be ventilated in accordance with sub-section (b) hereof.

(d) Waar 'n gedeelte van of die hele spuitlokaal deur middel van afskortings in afsonderlike afdelings of hokkies (wat hierna spuithokkies genoem word) verdeel is, moet sodanige spuithokkies van metaal of ander vuurvaste materiaal vervaardig wees.

(d) Where a part of the whole of any spraying room is sub-divided by partitions into separate compartments or booths (herein-after described as spraying booths) such spraying booth shall be constructed of metal or other non-inflammable material.

(e) Alle uitlaatopeninge wat van spuit-lokale of spuithokkies af kom, moet sodanig ontwerp en gemaak wees dat al die dampe op 'n plek van

(e) All exhaust vents leading from spraying rooms or spraying booths shall be so designed and constructed that all vapours are

minstens 3,7 m bokant die grondhoogte en minstens 4,5 m van die opening van enige gebou af geleë is, in die buitelug ontsnap, en sodanige uitlaatopeninge moet van vuurvaste materiaal gemaak wees.

expelled into the open air at a point of not less than 3,70 m above the level of the ground and at a distance of not less than 4,5 m from the opening to any building and such vents shall be constructed of non-inflammable material.

(f) Alle in- en uitlaatventilasieopeninge moet so aangebring word dat dit al die lug in so 'n spuitlokaal of spuithokkie gedurig laat wissel. Die ventilasieinlaatopeninge moet wesenlik gelyk wees aan die uitlaatkapasiteit waarvoor daar ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge voorsiening gemaak is. Die ventilasie of die bespuiting moet so gereël wees dat alle ontvlambare vloeistofdampe sover redelikerwyse moontlik, regstreeks in die ventilasieuitlaatopeninge kan intrek.

(f) All ventilation inlets and outlets shall be so placed as to effect a continuous and complete change of air within any such spraying room or spraying booth. The ventilation inlets shall be substantially equivalent to the exhaust capacity provided in terms of these by-laws. The ventilation or spraying shall be so arranged that all inflammable liquid vapours shall pass as near as reasonably possible directly into the ventilation outlets.

(g) Die wieke van enige waaier wat in die spuitlokaal gebruik word, moet van nie-ysterhoudende metaal wees.

(g) The blades of any fan used in the spraying shall be of non-ferrous metal.

(h) Geen elektriese toerusting, uitgesonderd die volgende, mag in die spuitlokaal geïnstalleer wees nie -

(h) No electrical equipment shall be installed in the spraying room other than -

(i) elektriese gloeilampe, wat 'n vlamdigte omhulsel het;

(i) incandescent electric lights enclosed in flameproof fittings;

(ii) elektriese draadleidings wat heeltemal met naatlose en vlamdigte metaalbuise waarvan die lasse vasgeskroef word, beskerm is;

(ii) electric wires protected throughout by seamless and flame-proof metal tubes, the junctions of which are screwed together;

(iii) elektriese apparaat wat vlamdig gehou is en vir ventilasiedoeleindes gebruik word.

(iii) electrical apparatus of flame-proof construction used for ventilating purposes.

103. Die woorde "GEVAAR – MOENIE HIER ROOK NIE / DANGER DO NOT SMOKE" moet opvallend en in letters wat minstens 150 mm

103. The words 'DANGER-DON-NOT-SMOKE/GEVAAR-MOENIE HIER ROOK NIE" shall be prominently displayed in letters not less than

hoog is, aan die buitekant van die ingang tot elke spuitlokaal aangebring word, en moet te alle tye in 'n duidelik leesbare toestand onderhou word.

150 mm high outside the entrance to every spraying room, and shall at all times be maintained in a clearly legible condition.

Wanneer 'n permit nie vereis word nie

When Permit is not Required

104. Geen bepalings wat in artikels 100 tot en met 103 vervat word, word bedoel om te verbied dat 'n voertuig or artikel in die buitelug met ontvlambare vloeistof bespuit word nie, indien sodanige bespuiting nie binne 15 m van 'n vuur, 'n vlam, 'n oop lig of 'n ander middel wat moontlik sodanige ontvlambare vloeistof of die dampe daarvan aan die brand kan laat slaan, verrig word nie.

104. Nothing contained in sections 100 to 103 (inclusive) shall contemplate the prohibition of the spraying with inflammable liquid of any vehicle or article in the open air if such spraying is not within a distance of 15 m from any fire, flame, open light or other agency likely to ignite such inflammable liquid or its vapours.

Waarmerking en uitreiking van Kennisgewings

Authentication and Service of Notices

105.(1) Kennisgewings, bevelskrifte en ander sodanige stukke wat ingevolge hierdie verordeninge opgestel is, en deur die Raad gewaarmerk moet word, is behoorlik gewaarmerk indien dit deur die Raad se brandweerhoof, sy behoorlik gemagtigde plaasvervanger, of die boutoesig-hoof onderteken dit.

105.(1) Notices, orders and other such documents under these by-laws requiring authentication by the Council shall be sufficiently authenticated if signed by the Council's chief fire officer, his duly authorised deputy, or the building surveyor.

(2) Kennisgewings, bevelskrifte en ander stukke wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik moet of uitgereik kan word, kan by die verblyfplek of sakeonderneming van die persoon aan wie dit gerig is, afgelewer word, of indien dit aan die eienaar of okkupeerder van die persele gerig is, kan bovermelde of 'n eensluidende afskrif daarvan, aan iemand op die perseel oorhandig word, of indien daar niemand op sodanige perseel is aan wie dit oorhandig kan word nie, kan die betrokke stuk op n opvallende plek aan die perseel

(2) Notices, orders and any other documents required or authorised to be served under these by-laws may be served by delivering the same to or at the residence or place of business of the person to whom they are respectively addressed, or where addressed to the owner or occupier of premises, by delivering he same or a true copy thereof to some person on the premises, or if there is no person on such premises who can be so served, by fixing the same on some conspicuous part of the premises: they may also be served by post by

aangebring word; ook kan die bovermelde stukke deur die pos gestuur word (posgeld vooruitbetaalbaar), en indien dit op hierdie wyse uitgereik word, word die tyd waarop die brief met die bovermelde gewoonlik afgelewer sou word, as die datum van die kennisgewing beskou, en as bewys dat sodanige kennisgewing, bevelskrif of ander stuk uitgereik is, hoef daar slegs bewys te word dat die betrokke stuk behoorlik geadresseer en gepos is.

a prepaid letter, and if served by post shall be deemed to have been served at the time when the letter containing the same would be delivered in the ordinary course of post, and in proving such service it shall be sufficient to prove that the notice, order or other document was properly addressed and put into the post.

(3) Enige kennisgewing, wat ingevolge hierdie verordeninge aan die eienaar of okkupeerder van enige perseel uitgereik moet word, kan aan die "Eienaar" of "okkupeerder" van die persele wat vermeld moet word waarop die kennisgewing betrekking het, gerig word, sonder om 'n naam of nadere beskrywing te verstrek.

(3) Any notice by these by-laws required to be given to the owner or occupier of any premises may be addressed by the description of the "Owner" or "Occupier" of the premises (to be named) in respect of which the notice is given, without further name or description.

Strawwe op oortreding van hierdie Verordeninge

Penalty for Breach of these By-laws

106. Iemand wat handel in stryd met hierdie verordeninge, is skuldig aan 'n oortreding en strafbaar met -

106. Any person acting in contravention of these by-laws shall be guilty of an offence and shall be liable -

(a) 'n Boete van hoogstens £50 (vyftig pond) of by wanbetaling daarvan, met gevangenisstraf met of sonder swangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens 6 (ses) maande of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 (ses) maande sonder die keuse van 'n boete; en

(a) to a fine not exceeding £50 (fifty pounds) or, in default of payment thereof, to imprisonment with or without compulsory labour for a period not exceeding 6 (six) months, or to imprisonment for a period not exceeding 6 (six) months without the option of a fine; and

(b) in die geval van 'n volgende voortdurende oortreding met 'n boete van hoogstens £5 (vyf pond) vir elke dag wat sodanige misdryf voortduur, of by wanbetaing daarvan, met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid, vir 'nt ydperk van hoogstens 1 (een) maand.

(b) in the case of a successive or continuing offence, to a fine not exceeding £5 (five pounds) for every day such offence continues, or in default of pament thereof, to imprisonment with or without compulsory labour for a period not exceeding 1 (one) month.

BYLAE 1

AANHANGSEL IV

BYLAE II

Beskrywing van persele	*Half-jaarliks* R	*Jaarliks* R
A. Grootmaatdepots	*10,00*	*20,00*
B. Droogskoonmaaklokale	*5,00*	*10,00*
C. Spuitlokale	*1,00*	*2,00*
Registrasie sertifikaat uitgereik ten Opsigte van persele wat nie onder Bovermelde opskrifte ingedeel kan Word nie:-		
D. Tot en met 'n bergingsmaat van 2 500 l	*1,00*	*2,00*
E. Tot en met 'n bergingsmaat Van 5 000 l	*1,50*	*3,00*
F. Tot en met 'n bergingsmaat van 25 000 l	*2,00*	*4,00*
G. Ten opsigte van 'n bergings-Maat van meer as 15 000 l	*5,00*	*10,00*
H. Oordrag van registrasiesertifikaat, 50c		

Die jaarlikse gelde vir alle registrasiesertifikate word bereken volgens hierdie bylae: Met dien verstande dat indien die gelde op of na die eerste dag in Julie van enige jaar verskuldig is, die helfte van die jaarlikse gelde betaalbaar is.

BYLAE III

GELDE VIR DIE ONDERSOEK VANVOERTUIE VIR 'N VERVOERPERMIT

Beskrywing van voertuig	*Half-Jaarliks £ s d*
Tenkvragmotor ……	*1 0 0*
Motorvoertuie, uitgesonderd tenvragmotors, wat ontwerp is vir die aflewering van ontvlambare bloeistowwe bo en benewens die hoeveelhede wat ingevolge artikel nege-en sewentig (1)(a) en (b toegelaat word……..	*0 10 0*
Alle voertuie uitgesonderd motorvoertuie en tenkvragmotors wat ontwerp is vir die aflewering van ontvlambare vloeistowwe bo en benewens die hoeveelhede wat ingevolge artikel nege-en-sewentig (1)(a) en (b) toegelaat word……..	*0 2 6*

SCHEDULE 1

ANNEXURE IV

SCHEDULE II

Description of Premises	Half yearly R	Yearly R
A. Bulk depots	10,00	20,00
B. Dry-cleaning room	5,00	10,00
C. Spraying room	1,00	2,00
Certificate of registration issued To premises other than the Above:-		
D. Up to and including 2 500 l Storage capacity	1,00	2,00
E. Up to and including 5 000 l Storage capacity	1,50	3,00
F. Up to and including 25 000 l Storage capacity	2,00	4,00
G. Over 25 000 l storage capacity	5,00	10,00
H. Transfer of a certificate of Registration, 50c		

For every certificate of registration the annual fee shall be as prescribed in this Schedule: Provided that if liability to pay the fees arises on or after the first day of July in any year the fees payable shall be half the annual amount.

SCHEDULE III

FEES FOR EXAMINING VEHICLES FOR TRANSPORT PERMIT

Description of Vehicle	Half yearly £ s d
Road tank wagon ……	1 0 0
Motor vehicle other than a road tank wagon, designed to be used for the delivery of inflammable liquids in excess of the amount permitted under section seventy nine (1)(a) and (b) …….	0 10 0
Any vehicle, other than a motor vehicle or road tank wagon, designed to be used for the deliverhy of inflammable liquids in excess of the amount permitted under section seventy-nine (1)(a) and (b) ……..	0 2 6

Die metodes vir die toets van die ontlvammingspunte is dié uiteengesit in die spesifikasie van die standaardmetodes vir die vasstelling van die ontvlammmingspunt van petroleum en ander ontvlambare produkte wat deur die Suid-Afrikaanse Standaarde Instituut (November 1938) afgekondig is.

The methods of testing flash points shall be those set forth in the Specification of Standard Methods for the Determination of Flash Point of Petroleum and other Inflammable products published by the South African Standards Institution (November, 1938).

HOOFSTUK 2

CHAPTER 2

KARBIED

CARBIDE

Woordomskrywing

Definitions

108. Vir die toepassing van hierdie hoofstuk tensy die sinsverband anders aandui, beteken -

108. For the purpose of this chapter, unless the context indicates otherwise -

(a) "karbied", kalsiumkarbied;

(a) "carbide" means carbide of calcium;

(b) "persoon", ook enige individu, maatskappy of liggaam met regspersoonlikheid, of 'n vennootskap of 'n ander vereniging van persone;

(b) "person" includes any individual, company or corporate body or partnership or other association of persons;

(c) "geregistreerde perseel", 'n perseel wat die Raad ingevolge hierdie verordeninge geregistreer het vir die opberging van kalsiumkarbied;

(c) "registered premises" means premises registered by the Council under these by-laws for the storage of carbide of calcium;

(d) "registrasiesertifikaat", 'n sertifikaat wat deur die Raad uitgereik is, waarby magtiging aan enige persoon verleen word om die daarin vermelde persele vir die opberging van karbied te gebruik.

(d) "certificate of registration" means a certificate issued by the Council authorising any person to use the premises therein specified for the storage of carbide.

Registrasiesertifikaat ten opsigte van opberging

Certificate of Registration for Storage

109.(1) 'n Persoon mag nie meer as 1 000 kg karbied op 'n perseel opberg of hou nie, tensy hy in besit is van 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van die betrokke perseel.

109.(1) No person shall keep or store carbide in excess of 1 000 kg on any premises unless he is in possession of a certificate of registration in respect of such premises.

(2) Alvorens daar voldoen word aan die bepalings van hierdie verordeninge in verband met die betrokke perseel, word geen registrasiesertifikaat aan 'n persoon toegestaan vir die opberging van karbied nie.

(2) No certificate of registration shall be issued to any person in respet of any premises for the storage of carbide until the provisions of these by-laws have been complied with in respect of such premises.

(3) Sodanige sertifikaat -

(3) Such certificate -

(a) moet die maksimum hoeveelheid karbied vermeld wat op die perseel opgeberg kan word;

(a) shall state the maximum amount of carbide permitted to be stored on the premises;

(b) kan uitgereik word onderworpe aan die voorwaardes wat die Raad gerade ag met inagneming van die omstandighede.

(b) may be issued subject to such conditions as are deemed necessary by the Council having regard to the circumstances.

(4) Elke sertifikaat van hierdie aard is geldig vir 'n tydperk wat op die daaropvolgende een-en-dertigste dag van Desember eindig.

(4) Every such certificate shall be valid for the period terminating on the next succeeding thirty-first day of December.

(5) Daar word geen registrasie-sertifikate, uitgesonderd hernu-wings daarvan, ten opsigte van enige perseel uitgereik nie, alvorens daar voldoen is aan die bepalings vn artikel 110, en die aansoek deur die Raad goedgekeur is.

(5) No certificate of registration other than a renewal thereof shall be issued in respect of any premises until the provisions of section 110 have beencomplied with and the application has been approved by the Council.

Aansoek om registrasiesertifikaat

Application for a Certificate of Registration

110.(1) Aansoeke om registrasiesertifikate moet skriftelik by die Raad gedoen word op 'n vorm wat hy met die doel verskaf, en die voorgeskrewe bedrag moet die aansoek vergesel.

110(1) Every application for a certificate of registration accompanied by the prescribed fee shall be made in writing to the Council on a form to be provided by it for the purpose.

(2) Alle sodanige aansoeke moet vergesel gaan van 'n plan van die persele ten opsigte waarvan 'n sertifikaat vereis word, wat volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken is, en waarin die opstand van die persele met betrekking tot die aangrensende geboue, bo- of ondergronds, aangedui word.

(2) Every such application shall be accompanied by a plan of the premises in respect of which the certificate is required, drawn to a scale of not less than 1:100 and showing the elevation of the premises in relation to adjacent buildings above or below the ground.

(3)	*Alle sodanige aansoeke moet vergesel gaan van 'n blokplan geteken volgens 'n skaal van minstens 1:500 met die volgende besonderhede daarop aangedui:-*	(3)	Every such application shall also be accompanied by a block plan drawn to a scale of not less than 1:500 which shall specify -
(a)	*Die persele om alle oop ruimtes en die standplaasnommers daarvan;*	(a)	The premises and all open spaces with stand numbers thereof;
(b)	*Die aangrensende standplase en hulle nommers;*	(b)	Stands with numbers thereof immediately adjoining;
(c)	*Die name van strate waaraan die terrein grens, en die dorpsgebied waarin dit geleë is;*	(c)	Names of any streets on which the site abuts and the township in which situated;
(d)	*Die noordpyl.*	(d)	The north point.
(4)	*Waar die plan betrekking het op bestaande persele ten opsigte waarvan 'n registrasiesertifikaat kragtens hierdie verordeninge uitgereik is en ten opsigte waarvan dit die voorneme is om veranderings of toevoegings aan te bring, moet daar slegs 'n plattegrond saam met so 'n aansoekvorm en die vasgestelde gelde ingedien word. So 'n plattegrond moet volgens 'n skaal van minstens 1:100 geteken word, en moet sodanige toevoegings of veranderings met betrekking tot die bestaande perseel aandui.*	(4)	Where the plan relates to existing premises in respect of which a certificate of registration has been issued in terms of these by-laws and to which it is proposed to make alterations or additions, only a ground plan together with such application form and the prescribed fee need be submitted. Such ground plan shall be drawn to a scale of not less than 1:100 and shall show such additions or alterations in relations to the existing premises.
(5)	*Alle planne moet -*	(5)	All plans shall be -
(a)	*deur die eienaar of sy agent onderteken word;*	(a)	signed by the owner or his agent;
(b)	*met Indiese ink op natreklinne geteken of duidelik op 'n doek met 'n wit agtergrond afgedruk wees;*	(b)	drawn in Indian ink on tracing linen or clear prints on cloth with white ground;
(c)	*as volg met vaste kleure ingekleur wees:-*	(c)	coloured with fixed colours as follows:-
	Blokplan:- *Voorgestelde persele of veranderings: Rooi* *Ander bestaande geboue: Grys of*		Block Plan:- Porposed premises or alteration: Red Other existing buildings: Grey or

neutrale kleur. Oop ruimtes: Ongekleur

neutral
Openspaces: Uncoloured.

(6) Daar moet 'n bedrag van 10s (tien sjielings) ten opsigte van elke aansoek om goedkeuring van 'n plan of planne betaal word wanneer dit ingedien word, en wanneer dit goedgekeur is, word sodanige plan of planne die eiendom van die Raad. Wanneer so 'n plan goedgekeur is, word 'n skriftelike kennisgewing uitgereik met sodanige voorwaardes as wat deur die Raad nodig geag word, daarop geëndosseer.

(6) A fee of 10s (ten shillings) for every application for approval of a plan or plans shall be paid on submission thereof, and on approval, such plan or plans shall become the property of the Council. On approval of such plan a written notice shall be issued with conditions thereon as are deemed necessary by the Council.

(7) Die goedkeuring van planne ten opsigte van persele, beteken geensins dat die Raad enige aanspreeklikheid met betrekking tot sodanige persele aanvaar nie.

(7) The approval of plans of premises shall in no way imply the acceptance of any responsibility on the part of the Council in regard to such premises.

(8) Die Raad se goedkeuring van planne ingevolge hierdie verordeninge is van nul en gener waarde indien daar nie binne 1 (een) jaar van die datum van sodanige goedkeuring aan die bepalings van hierdie verordeninge voldoen is nie.

(8) The approval by the Council under these by-laws of any plans shall be null and void if the provisions of these by-laws are not complied with within 1 (one) year after the date of such approval.

Voorwaardes van die registrasiesertifikaat

Conditions of Certificate of Registration

111.(1) Niemand mag op 'n perseel meer karbied as die hoeveelheid wat op die registrasiesertifikaat ten opsigte van die perseel vermeld word, laat opberg of toelaat dat dit daar opgeberg word nie.

111.(1) No person shall store or cause or permit to be stored any quantity of carbide on any premises in excess of the amount stated on the certificate of registration relating to such premises.

(2) Enigiemand wat wettig in besit van 'n registrasiesertifikaat is, kan by die Raad skriftelik aansoek doen om toestemming om die totale hoeveelheid karbied wat ingevolge so 'n sertifikaat opgeberg mag word te vermeerder. Die Raad moet sodanige aansoek slegs toestaan indien die voorgestelde vermeer-dering voldoen aan die

(2) Any person in lawful possession of any certificate of registration may make written application to the Council for permission to increase the total quantity of carbide which may be stored in terms of such certificate. Such application shall only be granted by the Council if the proposed increase is permissible in terms of these by-

bepalings van hierdie verordeninge. Indien die Raad so 'n versoek toegestaan het, moet so 'n persoon die registrasiesertifikaat vir die wysig-ing aan die Raad oorhandig.

laws. When the council has granted any such application, such person shall surrender his certificate of registration to the Council for amendment.

Hernuwing van die registrasiesertifikaat

Renewal of Certificate of Registration

112. Daar moet uiterlik op die 15de dag van Desember van die jaar wat die jaar ten opsigte waarvan die hernuwing benodig word, voorafgaan, aansoek om die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat gedoen word op 'n vorm wat deur die Raad verskaf word, en die voorgeskrewe geld moet die aansoek vergesel. Tensy die Raad dit verlang, word daar geen planne van die persele in die geval van 'n hernuwing van 'n registrasiesertifikaat vereis nie.

112. Application for the renewal of a certificate of registration shall be made not later than the 15th day of December of the year prior to that for which such renewal is required, on a form to be provided by the Council, and shall be accompanied by the prescribed fee. No plans of the premises shall be required in the case of a renewal of a certificate of registration unless called for by the Council.

Oordrag van 'n registrasiesertifikaat

Transfer of certificate of Registration

113.(1) 'n Registrasiesertifikaat kan van die een persoon aan 'n ander oorgedra word.

113.(1) A certificate of registration may be transferred from one person to another.

(2) Die persoon wat sodanige oordrag verlang, moet skriftelik by die Raad op 'n vorm wat die Raad met die doel verskaf, daarom aansoek doen; so 'n aansoek moet vergesel gaan van die voorgeskrewe geld tesame met die registrasie-sertifikaat wat betrekking het op die perseel ten opsigte waarvan sodanige oordrag verlang word.

(2) The person desiring such tansfer shall make applicationin writing to the Council on a form to be provided by it for such purpose. Such appliction shall be accompanied by the prescribed fee together with the certificate of registration relating to the premises in respect of which such transfer is desired.

(3) Geen registrasiesertifikaat is van een perseel op 'n ander oordraagbaar nie.

(3) No certificates of registration shall be transferable from one premises to another.

Aanbouings en veranderings van geregistreerde persele

Additions and Alterations to Registered Premises

114. Daar mag geen aanbouings of veranderings aan enige bestaande

114. No additions or alterations to any existing registered premises shall

geregistreerde perseel aangebring word nie, tensy en alvorens 'n plan van die perseel, wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (4) van artikel 110 opgestel is, aan die Raad voorgelê en skriftelike deur die Raad goedgekeur is.

be made unless and until a plan prepared in accordance with the provisions of sub-section (4) of section 110 shall have been submitted to and approved by the Council in writing.

Brandblustoestelle

Fire Appliances

115. Die persoon aan wie 'n registrasie-sertifikaat uitgereik is, moet in die perseel waarop sodanige sertifikaat betrekking het, op 'n maklik toeganklike en sigbare plek aan 'n muur of 'n ander geskikte plek wat minstens 3 m bokant die hoogte van die perseel se vloer is 2 x 9 droë poeier brandblustoestelle elk, rooi geverf met die woord "BRAND/ FIRE" in witverf daarop aangebring, en in 'n leesbare toestand onderhou, installeer of laat installeer.

115. The person to whom a certificate of registration has been issued shall install or cause to be installed in the premises to which such certificate refers, in an easily accessible and visible position on a wall or other suitable position not less than 1 m above the level of the floor of the premises 2 x 9 kg dry powder extinguishers, painted red with the word "FIRE/BRAND" painted in white and legibly maintained thereon.

Reëls wat nagekom moet word

Rules to be Observed

116.(1) Niemand mag karbied op 'n geregistreerde of ongeregistreerde perseel opberg, laat opberg of toelaat dat dit daar opgeberg word nie, tensy sodanige karbied opgeberg word -

116.(1) No person shall store or cause or permit to be stored any carbide on any premises whether registered or unregistered unless such carbide is stored -

(a) op 'n plek wat nie gevaarlik naby 'n vuur, 'n vlam, 'n oop lig of ander middel wat moontlik ontvlambare of ontplofbare gas aan die brand kan laat slaan nie;

(a) in such a position that it is not in dangerous proximity to any fire, flame, open light or other agency likely to ignite inflammable or explosive gas;

(b) op 'n droë en goed geventileerde plek;

(b) in a dry and wel ventilated position;

(c) op so 'n plek dat in die geval van brand of ontploffing die ontkoming van mense of diere van sodanige perseel, af nie verhinder of belemmer word nie;

(c) in such a position that in the case of fire or explosion the escape of persons or animals from such premises will not be prevented or impeded;

(d) in metaalhouers wat toe is.

(d) in closed metal containers.

Ondersoek van persele

117.(1) Enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of behoorlik gemagtigde dienaar van die Raad kan vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge op alle redelike tye en sonder om vooraf kennis te gee, enige perseel betree en sodanige navrae daar doen of ondersoek instel as wat hy nodig ag.

(2) Die eienaar of okkupeerder of indien hulle nie op die perseel teenwoordig is nie, enige ander persoon wat daar in diens is, moet op versoek van sodanige lid, of gemagtigde eienaar, hom verwittig van alle karbied wat in of op sodanige perseel aanwesig is, en moet alle navrae met betrekking tot die nakoming van die bepalings van hierdie verordeninge of met betrekking tot die voorwaardes in verband met die registrasie-sertifikaat, beantwoord.

Inspection of Premises

117.(1) Any member of the South African Police or any duly authorised servant of the Council may, for any purpose connected with these by-laws, at all reasonable times and without previous notice, enter upon any premises and make such examination and enquiries thereon as he may deem necessary.

(2) The owner of occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon, shall upon demand disclose to such member or authorised servant the presence of any carbide in or upon such premises and shall answer all enquiries relating either to the observance of these by-laws, or to any condition in connection with the certificate of registration.

Bou van pakkamers

118.(1) Alle pakkamers, vertrekke of geboue wat gebruik word vir die opberging van meer as 1 000 kg karbied -

(a) moet behoorlik van vuurvaste materiaal gebou wees;

(c) moet voldoende geventileer wees om te verhoed dat ontvlambare of ontplofbare gas daarin opgaar;

(d) moet so geleë wees dat gasse wat daaruit ontsnap, nie in aanraking kan kom met 'n vuur, 'n vlam, 'n oop lig of 'n ander middel van ontvlambare of ontplofbare gas moontlik aan die brand kan laat slaan nie;

(e) mag geen opening na, of enige

Construction of Store

118.(1) Every store, room or building used for the storage of carbide in excess of 1 000 kg, shall -

(b) be substantially constructed of non-inflammable material;

(c) be adequately ventilated to prevent the accumulation therein of inflammable or explosive gas;

(d) be so situated that gases which may be discharged therefrom are not likely to come into contact with any fire, flame, open light or other agency likely to ignite inflammable or explosive gas;

(e) have no opening into or

verbinding hê met, enige ander vertrek of gebou wat deur mense bewoon word, of wat gebruik word as 'n openbare vergaderplek of 'n stal vir diere nie;

communication with any other room or building in which persons reside or which is used or public assembly or stabling of animals;

(f) moet so gebou en geleë wees dat daar geen moontlikheid van gevaar bestaan vanweë enige vuur, vlam, oop lig of ander middel wat ontvlambare of ontplofbare gas moontlik aan die brand kan laat slaan nie;

(f) be so constructed and situated that there is no possibility of danger from any fire, flame, open light or other agency likely to ignite inflammable or explosive gas;

(g) moet op grondhoogte gebou wees: Met dien verstande dat enige pakkamer, vertrek of gebou van hierdie aard wat gebruik word vir die opberging van meer as 10 000 kg karbied, tensy dit minstens 30 m van enige ander gebou geleë is, van steen of beton gebou wees, met 'n dak van vuurvaste materiaal, sonder enige opening na of verbinding met enige ander vertrek of gebou.

(g) be situated at ground level, provided that any such store, room or building used for the storage of carbide in excess of 10 000 kg unless situated at a distance of not less than 30 m from any other building shall be constructed of brick or concrete and with a roof constructed of non-inflammable material and shall have no opening into or communication with any other room or building.

Gevaartekens op pakkamers

Danger Notice on Store

119. Niemand mag 'n pakkamer, vertrek of gebou vir die opberging van karbied in groter hoeveelhede as 1 000 kg gebruik, laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word nie, tensy en alvorens die woorde "GEVAAR – KARBIED/DANGER – CARBIDE" in letters wat minstens 75 mm hoog is, op die buitekant van die deur van sodanige pakkamer, vertrek of gebou geverf staan. Sodanige kennisgewing moet te alle tye in 'n leesbare toestand onderhou word.

119. No person shall use or cause or permit to be used any store, room or building for the storage of carbide in excess of 1 000 kg unless and until the words "DANGER – CARBIDE/GEVAAR – KARBIED" in letters not less than 75 mm in height are legibly painted on the outer face of the door of such store, room or building. Such notice shall at all times be maintained in such a position in a legible condition.

Suiwerheid

Purity

120. Niemand mag enige karbied, wat nie vir handelsgebruik suiwer is, opberg, gebruik, verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat geen karbied wat enige

120. No person shall store, use, sell or expose for sale any carbide which is not commercially pure: Provided that no carbide containing any impurity liable to generate

onsuiwerheid bevat, wat soveel fosfor- of kieselwaterstof kan ontwikkel dat dit die gas wat vrygestel word, vanself aan die brand kan laat slaan, nie vir die toepassing van hierdie artikel as vir handelsgebruik suiwer beskou word nie.

phosphoreted or silicuretted hydrogen in such quantities as to render the gas evolved likely to ignite spontaneously, shall be considered to be commercially pure for the purpose of this section.

Beslag en verwydering van karbied

Seizure and Removal of Carbide

121. Wanneer enige lid van die S.A. Polisie of behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad, op billike gronde vermoed dat die opberging van karbied op enige perseel in stryd is met die bepalings van hierdie verordeninge, kan hy op sodanige karbied beslag lê en dit hou en hy kan die eienaar of okkupeerder of, indien hy nie op die perseel teenwoordig is nie, enigiemand anders wat daarop werksaam is, beveel om die karbied op die betrokke perseel of op enige ander perseel onder sy beheer te hou, òf andersins kan hy dit op so 'n wyse of na sodanige perseel verwyder as wat na sy mening die minste bedreiging vir die openbare veiligheid inhou, en dit daar ou, òf ander maatreëls tref wt hy vir die beskerming van die publiek nodig ag.

121. Where any member of the South African Police or any authorised official of the Council has reasonable cause to believe that any storage of carbide on any premises is contrary to the provisions of these by-laws, he may seize and detain such carbide and may either require the owner or occupier or, failing their presence on the premises, any other person employed thereon, to detain the carbide in these premises or in any other premises under his control, or may remove it in such manner and to such premises as will in his opinion least endanger the public safety, and there detain it or take such other measures as may be necessary for the protection of the public.

Oortreding van voorwaardes

Breach of Conditions

122. Enigeen wat 'n voorwaarde geëndosseer op die kennisgewing van goedkeuring of die registrasie-sertifikaat wat ingevolge hierdie verordeninge uitgereik is, oortree, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie verordeninge, en by skuldigverklaring strafbaar met 'n boete van hoogstens £50 (vyftig pond) en 'n verdere boete van £2 (twee pond) vir elke dag wat die oortreding voortduur, of by wanbetaling daarvan boete, met gevangenisstraf, met of sonder

122. Any person who commits any breach of any condition endorsed on the approval notice or certificat of registration issued in terms of these by-laws shall be guilty of a contravention of these by-laws, and on conviction shall be liable to a fine not exceeding £50 (fifty pounds) and to a further penalty of £2 (two pounds) for every day during which the breach continues, or in default of payment thereof to imprisionment with or without compulsory labour for a period not

dwangarbeid, vir 'n tydperk van hoogstens 1 (een) maand.	exceeding 1 (one) month.
BYLAE I	SCHEDULE I
Sien nuwe tarieftabelle	See new tariffs